13 September 2019
Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 11 (2019)

1. MATRIEKAFSKEID EN GR.12-LEERDERS

Die matriekafskeid vind op 4 Oktober 2019 by Gallagher Estate in Midrand plaas. Om die matriekafskeid by te woon, is vir ons leerders die hoogtepunt van hul skoolloopbaan. ‘n Matriekafskeid is egter nie ‘n reg vir matrieks om by te woon nie, maar ‘n voorreg.

Die skool het egter ‘n aantal vereistes, voordat ons matrieks die voorreg het om die matriekafskeid by te woon.

1. Alle opdragte soos SBA’s moet op die sperdatums ingehandig wees.
2. Alle strafpunte moet tot onder 75 afgewerk word.
3. Matriekafskeidgelde moet betaal wees.
4. Die betaling van skoolgeld moet op datum wees. Reëlings in hierdie verband kan in kamer 1 getref word.
5. Dit is van groot belang dat alle matrieks van die begin van die vierde kwartaal by die skool sal wees. Vraestelle sal bespreek word en onderwysers sal die kans gegun word om hersiening in probleemareas te doen.
6. Matrikulante se voorkoms moet volgens skoolreëls wees. Gedurende die eksamen sal matrieks nie toegelaat word om met ‘n vraestel voort te gaan, indien hulle voorkoms nie korrek is nie. Ouers sal geskakel word om die probleem te herstel en slegs dan kan ‘n leerder begin met ‘n vraestel.
   Ons wil nie ‘n leerder ontstel voor ‘n vraestel nie, dus versoek ons dat ouers sal seker maak van matrikulante se korrekte voorkoms en dat hulle stiptelik sal wees.
7. Leerders wat nie gehoor gee aan ons versoeke en reëls nie, se matriekafskeid is beslis in gedrang.
8. Uitnodigings sal volgende week per e-pos uitgestuur word. Maak asseblief seker dat mev. L. Zwecker die korrekte e-posadres het.

2. SOMERSDRAG

Somersdrag behels die volgende:

Seuns: Seuns mag ‘n kortmouhemp sonder ‘n das saam met ‘n oortrektrui (pull-over) dra.
‘n Langmouhemp kan ook gedra word, maar dan moet ‘n das en oortrektrui gedra word.
‘n Langmoutrui mag nie , soos genoem, in die plek van die oortrektrui gedra word nie.
Indien ‘n leerder ‘n baadjie wil dra, moet ‘n das en oortrektrui / langmoutrui gedra word.

Dogters: Dogters dra ‘n kortmou oopslaanhemp saam met ‘n springjurk. ‘n Oortrektrui kan gedra word, maar is nie verpligtend nie. Wanneer ‘n dogter egter ‘n langbroek en kortmouhemp dra, **moet** ‘n oortrektrui gedra word. In beide genoemde gevalle mag ‘n langmouhemp gedra , maar dan is ‘n das deel van die uniform. ‘n Langmoutrui mag in bogenoemde geval nie gedra word nie. Dogters mag ‘n baadjie sonder ‘n das dra, mits dit nie ‘n “dashemp” met stywe kraag is nie. Swartkouse word **nie** saam met somersdrag gedra **nie**.

Ons besef dat daar in September nog koue dae kan wees, dus mag wintersdrag steeds op sulke dae gedra word.

3. AANBOD AAN LEERDERS MET OOG OP 2020
Soos verlede jaar, wil ons weer aan leerders ‘n aanbod maak om volgende jaar (2020) met ‘n **skoon** rekord te begin, dus met 0 geakkumuleerde strafpunte.

Al wat leerders moet doen, is om te sorg dat hul strafpunte (in die regterkolom van strafpuntstaat) **onder** 50, m.a.w. 0-49, is op Donderdag, **31 Oktober 2019.** Leerders moet dus sorg dat detensieklasse getrou bygewoon word.

Leerders wie se strafpunte bokant 50 is, se strafpunte sal oorgedra word na 2020. Dit beteken dat die geakkumuleerderde punt oorgedra word. Die impliseer weer die volgende:

- Leerders sal bykans onmiddellik met detensie in 2020 begin.
- ‘n Geakkumuleerdepunt bokant 400 kan ‘n dissiplinêre verhoor reeds vroeg in die jaar beteken.
- Leerders wat strafpunte tydens die eksamen in November ontvang se punte sal in Januarie 2020 op die strafpuntstaat gereflekteer word. Alhoewel ‘n leerder wat met onder 50 op 31 Oktober geeïndig het na “0” verander sal word, **sal die punte wat in November ontvang word wel na 2020 oorgedra word.**

Moedig asb. u kind aan om die geleentheid aan te gryp om 2020 met ‘n skoon rekord binne te gaan

4. EKSAMEN – 20 SEPTEMBER
Vraestel 3(Huistaal), vir die einde van die jaar, sal op 20 September geskryf word. Indien ‘n leerder sonder ‘n doktersbrief afwesig is, sal daardie leerder 0 vir die vraestel kry. Hierdie vraestel tel 40% van die eindeksamen se punt.

5. ORATORS BLINK UIT
Ons orators het laas naweek in die finaal van die Interskole redenaarskompetisie by Bryanston Parallel Medium deelgeneem. Uit die meer as 2000 spanne wat gedurende Julie deelgeneem het, was Marais Viljoen deel van die 586 spanne wat na die Finaal uitgenooi is. Die uitslae was soos volg:

Spanne	Plek
Graad 8	Eerste en Derde
Graad 10	Eerste en Tweede
Graad11	Eerste en Derde

Baie geluk, ons is baie trots op julle!

6. DIE LAASTE WEEK VAN KWARTAAL 3
Die Bestuurspan sal tydens volgende week op die Bestuurspankamp wees. Die res van die leerders moet skool bewoon soos gewoonlik. Leerders wat sonder ‘n mediese sertifikaat afwesig is, sal -30 per dag ontvang.

7. EERLIKE LEERDERS
Daniella Teiveira, Cailin Hamilton, Amore Ferreira, René Louwrens, Phoenix Leibach, callum Hobbs, Walter Schrader, Yantle Qotywa, Kayla Rebeck, Dayne Wurdeman, Denique Myburgh, Danika Demont, Chanzé Breytenbach, Alicia Horn, Aneke Kruger en Naledi Mabaso het ‘n bankkaart, selfone, geld en juwele opgetel en ingehandig. Baie dankie!

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING